Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

'n Beperkte getal volledige stelle van „Die O.B.", 2de Jaargang, is weer verkrygbaar; In harde omslag gebind
17/6 per stel posvry
kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk.
Posbus 1411, Kaapstad

Die O.B.

O.B.-SKRYFBLOKKE
met 2 pakkies bypassende koeverte.
DIE BESTE GEHALTE VOOROORLOGSE PAPIER.
3/6 posvry.
KONTANT MET BESTELLING.
Bestel deur:
Gebiedshoofkwartier
Kamer 603, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 7 JUNIE 1944. No. 29.

# K.G. Oor Wese van Toekomsstaat

## Mooi Vergadering op Pietersburg

**„Die Ossewabrandwag streef na 'n republikeinse gesagstaat, party-loos in samestelling en Christelik-nasionaal in wese, met klem op die sosiale", het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, op die Louis Trichardt-plein, Pietersburg, verklaar.**

Dit moet 'n gesagstaat wees, omdat ons sat is van demokratiese boerdery waardeur ons op die rykste goud en diamantvelde in die wêreld na 40 jaar met 'n bankrotboedel van 400,000 armblankes sit. Ons glo nie in die demokrasie, waarin Kaapse kleurlinge kan voorskryf of ons ons kinders in hul moedertaal mag opvoed of nie.

Dit word gevra of daar vryheid in 'n gesagstaat sal wees. Hierop antwoord spr. ja, vryheid om goeie Afrikaners te wees, maar nie om slegte Afrikaners te wees nie. Daar sal ook vryheid van gedagteuiting wees, maar nie om die siel van die volk te vernietig, soos deur die Kommunisme nie.

### PARTY-LOOS

Ons is maar 'n klein volkie, het dr. Van Rensburg voortgegaan. En tog is daar baie mense wat hul mede-Afrikaner nie in 'n ander lig kan sien nie as volgens die politieke party waartoe hy behoort. **Ons weier om net Sap of Nat te sien. Ons sien in die eerste plek 'n mede-Afrikaner.**

Dit word gesê dat die O.B. net 'n armansbeweging is. **Die waarheid is dat die O.B. nie ryk en arm Afrikaners ken nie, maar net goeie Afrikaners.**

Dr. Van Rensburg het ook 'n uiteensetting gegee van die Arbeidsfront van die O.B. In die O.B. het ons 'n landswye organisasie, waarin ook die boer op die platteland sy volle gewig by die werksman in die stad inwerp in die stryd van laasgenoemde met die Kapitaliste.

Van die werker in die stad word nie verwag dat hy sy vakunie moet bedank nie. Hy word slegs aangeraai om anker uit te gooi in sy volk. En as hy by sy volk staan, staan die O.B. by hom. Spr. het daarop gewys dat die bevolkingsverhouding van stad en platteland vinnig verander en dat die groot meerderheid van die blanke bevolking vandag nie meer op die platteland is nie, maar in die stede en dorpe.

Die mense wat daar is, staan nie los van dié op die platteland nie, want die boer op die plaas, veral kleiner plaas, kan nie aan elke kind 'n plaas gee nie. Party van die kinders moet 'n heenkome in die stad vind.

Ná die oorlog, en miskien nog voor die vrede, sal daar industriële moeilikhede kom. En dan is dit die boer se seun wat daarin betrokke is. **Die stryd van die werker in die stad is die stryd van die volk.**

Op Germiston wou omtrent 800 Afrikanervroue en -meisies staak oor die Kleurbeleid. Die O.B. het gesê, dit is vir die werksters self om te besluit of hulle wil staak, maar as hulle staak omdat die kleurskeidslyn nie in die fabrieke toegepas word nie, sal die hele O.B. hulle steun.

### TOETS DEURSTAAN

In die 4 of 5 jaar van sy bestaan is die O.B. soos 'n Ismael van alle kante aangeval. Die geldmag, die parlementêre mag en die persmag was almal teen hom gekonsentreer met behulp van Noodregulasies. Vandag is die O.B. tog nog so sterk dat hy nog steeds beskou word as vyand No. 1 **„Meer as 1,000 van u kamerade het die toets van die konsentrasiekampe deurgemaak en honderde het deur die tronke gegaan. Oor die £40,000 is deur die O.B. ingesamel om die huisgesinne van die manne te versorg."**

**In hierdie worsteling om te bestaan is die O.B. gesmee tot 'n magneet — maar hy trek nie alles-en-nog-wat nie. Hy trek alleen staal, ook waar daar staal is onder Afrikaners in uniform.**

Die stryd om te bestaan is vir die O.B. egter verby. Hy tree nou die tydperk in van stryd om mag.

Ten slotte het dr. Van Rensburg gesê dat hy gedink het hy ken die Afrikanerdom, maar hy het nie geweet daar is soveel louter goud as wat hy in die O.B. aangetref het nie.

### 'N GESKENK

Voor die toespraak het oom Jannie du Preez aan die Kommandant-generaal historiese dokumente geskenk wat hy al 45 jaar bewaar het. Mnr. Du Preez het in 'n kort toespraak gesê dat hy dr. Van Rensburg beskou as die man wat die volk sal heropbou, en dat hy hom daarom volg. Hy het die gehoor gevra om die K.G. toe te sing Ps. 130 vers 4.

Twee pragtige vaandels, vervaardig deur hoofkommandante mev. en mej. Van Zyl, is deur dr. Van Rensburg in 'n plegtige seremonie oorhandig aan die kommando's Voorpos en Spoorslag.

Dr. Van Rensburg het in sy kort rede hier gesê dat hy omtrent drie maande voor genl. Hertzog se afsterwe by die generaal op besoek was. Toe het genl. Hertzog verwys na die Staat van die toekoms en gesê dat elkeen sy plek daarin sal vind volgens sy diensvaardigheid.

### DISSIPLINE

Ds. Jacs. van Rooy, veldprediker van die Pietersburgse kommando, het die verrigtinge geopen met gebed, skriflesing en 'n kort rede. Onder al die goeie dinge wat die O.B. doen, is een dat hy ons dissipline leer. Die Bybel leer ons om dissipline te beoefen. Dit help nie om die Empire en die oorlog van alles te beskuldig nie. Ons moet leer om gehoorsaam te wees as Christen. Eers wanneer ons oor onsself baas is, kan ons verwag om baas te wees oor ons land.

Die verrigtinge is gelei deur hoofkommandant J. A. van Zyl, bygestaan deur kommandant Adendorff.

In sy verwelkoming het hfkomdt. Van Zyl gesê die stryd van die O.B. is swaar en opdraend, maar daar word nie na kwantiteit gekyk nie, dog na kwaliteit. „Ons gaan moedhou tot hierdie beweging hom in al sy glorie ontplooi."

Hoofkommandant R. P. B. Erasmus het die groete van die Soutpansberg-kommando oorgebring en gewys op die vervoermoeilikhede. Nogtans het so 'n groot aantal opgekom — nie vir plesier nie, maar om hul plig te doen. Hieruit blyk dat die saak van die O.B. reg is. **In Soutpansberg is daar vier manne- en vier vroue-kommando's. Die O.B. leef in Soutpansberg.**—(Ingestuur.)

## NATALSE OFFISIERE TREK LAER

**Die Gebiedsraad van Natal vergader van 8 tot 12 Junie. Volgens mededeling van die Gebiedsleier, genl. C. A. Pienaar, sal alle range die verrigtings bywoon, wat ook deur die Kommandant-generaal toegespreek sal word.**

## K.G. IN BOLAND

**Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, saal teen die end van die maand 'n aantal vergaderings in die Boland hou. Die plekke en datums is as volg:**

**MAITLAND (Ebenezer-saal) 22 Junie, 7.30 nm.**

**MALMESBURY (stadsaal) 23 Junie, 8 nm.**

**SWELLENDAM (stadsaal) 26 Junie, 7.30 nm.**

## DS. VORSTER ONTVANG GRAAD AAN P.U.K.

Ds. J. D. Vorster het op 27 Mei die M.A.-graad op Potchefstroom ontvang. Hy is geesdriftig toegejuig toe hy op die verhoog verskyn het. Ds. Vorster het vir sy graad onder leiding van prof. dr. H. G. Stoker, van die Potchefstoomse Universiteitskollege, in die tronk studeer. Later is prof. Stoker geïnterneer en sedert die begin van die jaar is hy toegelaat om weer sy werksaamhede aan die P.U.K. te hervat.

## KOMMUNISME NEEM IN ENGELAND TOE

Volgens berig in The Guardian het die Kommunistiese Party in Engeland tydens die wintermaande meer as 12,000 nuwe lede bygekry. Die kommuniste is voornemens om 52 setels by die aanstaande verkiesing te betwis.

ons
vervaardig




om te pas
by u smaak
en omstandighede

SKRYF OM ONS AANDELEBROSJURE
EN WORD 'N AANDEELHOUER VAN

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

HOOFKANTOOR:
De Villiersstr. 15, JOHANNESBURG. Posbus 6670—Foon 33-2171/2
EIENAARS VAN:
J. S. UNTERHALTER BPK., h/v. St. Andries- en Pretoriusstrate, PRETORIA
GOODWOOD MEUBELS BPK., Paul Krugerstr. 340, PRETORIA
L. D. PHILLIPS BPK., Pleinstraat 47—49, KAAPSTAD
TAKKE:
JOHANNESBURG, GERMISTON, KROONSTAD, BLOEMFONTEIN.

*SEKURITEIT VIR U BELEGGING*

# Schoemanello Drank....

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail .. .. .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne .. | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak .. | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), .. .. | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) .. .. .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen .. .. | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.


## DANIG GEHEIMSINNIG — WAAROM ?

Volgens mededeling van die Minister van Justisie verlede week in die parlement, was daar op 1 Mei nog 301 Afrikaners in die interneringskamp. Hy het ook verduidelik dat die rede waarom 'n persoon geïnterneer word, net aan die persoon self of sy prokureur bekend gemaak word, en as die geïnterneerde dit verkies, aan sy vrou of ouers. **Sulke persone is egter verbied om die inligting bekend te maak.**

**Waarom is die Minister bang om hierdie inligting openbaar te maak? As 'n persoon vir die een of ander misdaad voor die hof kom, word die grootste publisiteit daaraan verleen, vanwaar dan die terughoudendheid in verband met geïnterneerdes? Sou dit wees omdat die aanklagte nie die toets van die openbare mening sal kan deurstaan nie?**


W. VOIGT (Eiens.) Ppk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-masjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

ONDERSTEUN ! ! ! !

Poskantoor Haarkappers

Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA

vir

DAMES en MANS

Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

P. A. WILKEN

MAKELAAR, VENDUAFSLAER

BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:

RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

*PLUIMVEE*

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

*£1000 vir u Oë*

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

*DUWAS*

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

Gearing . . .

*Vriend van die Boere.*

DIE LAASTE WOORD IN WINDMEULKONSTRUKSIE.

Vermy Watermoeilikhede en verseker die vooruitgang van u boerdery.




Sedert 1906, toe die eerste Gearing vervaardig is, lewer duisende vandag nog bevredigende diens.

Ondersoek die Gearing waar dit in werking is.

ONTWERP EN VERVAARDIG

deur

Gearings Limited

(Opgerig 1878)

Bus 860. JOHANNESBURG. Foon 34-2157—8.


# *Brief aan my Demokratiese Vriend*

Geagte Volksgenoot,

Soos ek verlede keer verduidelik het, kan my broer en ek op twee maniere boer; die een is deur SAMEWERKING waarby ons albei seggenskap in die boerdery het en mekaar aanvul met hulp en raadgewing, of ons kan beurte maak deurdat Pa en Ma en die susters elke vyf jaar besluit wie die plaas moet bestuur. Ons het dan die reg om mekaar se werk te kritiseer op so 'n wyse dat ons die familielede kan beïnvloed om teen die ander broer te stem. Op hierdie grondslag van boer sal daar nou vir my 'n groot beloning wees as ek my broer so stukkend kan kritiseer dat ek hom in onguns by die familie bring.

Nou ja, ons het hierdie metode toe beproef. Die familie het besluit om broer Piet die eerste vyf jaar aan bewind van die plaas te stel. Net die eerste dag begin hy sy trekgoed regsit om te ploeg. **Voorheen sou ek hom daarmee gehelp en miskien intussen die osse gaan uitkeer het.** Maar nou vind ek daar fout mee en sê — so hard dat Pa-en sus-hulle kan hoor — hy behoort liewer met skape te boer in plaas van met mielies. Die land is glad nie geskik vir saaiery nie. U sien, ek is verplig om dit te doen, want ek moet die familie voor 'n sterk keuse stel by die volgende verkiesing. Ek moet hulle kan oortuig dat daar 'n groot verskil tussen my en broer Piet se beleid is en dat sy opvatting van boerdery totaal uit die bose is. Broer Piet vererg hom dan ook dadelik, want hy sien my bedoeling is nie om hom te help nie, **maar om hom in 'n swak lig by Pa en Ma en Sus-hulle voor te stel.** Hy hou nou sy kop hard en gaan ploeg. Nou hoop ek maar net daar wil sprinkane kom of droogte sodat broer Piet se oes 'n mislukking sal wees, want dan kan ek vir Pa-hulle vra om my weer 'n kans te gee om met skape te boer en my pragtige planne uit te voer.

### HUIS VERDEEL

Pa stem egter saam met Piet, en suster Anna wat gek na Piet is, simpatiseer ook met hom. Toe sy klein was het Piet haar altyd geabba. Sy sal hom dus nooit in die steek laat nie. As jongste kind hou Ma weer meer van my, hoewel sy nou nie juis veel van boerderysake af weet nie. Verkeerd of reg, sy sal deur dik en dun by my staan. Maar my ander twee susters voel dis om die ewe wie van ons die plaas bestuur solank hulle net mooi rokke kan aantrek. As Piet dus 'n mislukking maak van sy saaiery, kan ek op hul stemme reken. **En maak hy nie 'n mislukking nie, kan ek vir hulle beduie dat hy beter kon gedoen het as hy my plan uitgevoer het en met skape geboer het.**

**Teen hierdie tyd leef broer Piet en ek net in vyandskap. Hy wil graag die plaas behou en ek wil dit weer graag bekom.** Ons groet mekaar nouliks en as hy tot kerkraadslid gekies word, weier ek om ook daarin te dien. Pa het sy kant gekies en hy en Ma maak saans rusie oor ons rusie. Suster Anna help vir Pa en bedags maak sy en Ma weer rusie oor my en Piet se rusie. Die vrede het van ons huis gewyk — daardie heerlike vrede en liefde van voorheen toe broer Piet en ek nog saamgewerk het en albei in die boerdery seggenskap gehad het. Ons gesinslewe is vernietig.

Broer Piet en ek probeer elkeen ons saak so mooi as moontlik voor die ander twee susters stel. **Hoe nader die tyd van beslissing kom, hoe hewiger beduie ons vir hulle dat die ander een verkeerd is. Ten einde raad belowe ek aan my twee susters dat ek aan hulle pragtige rokke sal gee as ek wen. Hulle stem in. Broer Piet sien hy gaan dit ontgelde. Dáár lê sy braakland en wag vir saad. As ek wen, sal ek 'n klomp skape in sy lande jaag en al sy arbeid verydel. Dit mag nie gebeur nie, dink hy, nie teen enige koste nie; Nou gaan hy tot die uiterste en beskinder my by die susters. Ek doen dieselfde. Ons haal ou koeie uit die sloot en soos twee aartsvyande beveg ons mekaar. En Pa en Ma doen dieselfde — alles oor ons rusie.**

### VERKOOP TREKGOED

Ek het darem gewen. Die susters het besluit om my 'n kans te gee. **Dadelik verkoop ek Piet se osse en trekgoed en koop daarmee skape — net soos in ons land moedertaalonderwys deur die een party ingevoer en deur die ander afgeskaf word.** Ons boer nou volgens MY beginsels en program. Oor vyf of tien of selfs miskien vyftien jaar, wanneer ek net mooi aan die gang is met my skaapboerdery en nuwe bloed ingevoer het, besluit die susters weer dat my boerdery te stadig gaan en stem hulle weer vir Piet in. Die skape wat hy nie dadelik verkoop om weer trekgoed mee aan te skaf nie, is nou aan die verwaarlosing. Piet het geen belangstelling in my skape nie en die goed vrek by hope. Al my arbeid was tevergeefs. **Verbitterd en vol woede teen Piet, my broer, sien ek hoe ons pragtige plaas stadig maar seker verwoes word. Bankrotskap staar ons hele gesin in die oë. Rusie en twis verteer ons huis. Pa en Ma twis nou nie meer net oor ons nie, hulle twis nou oor enige ding. Niks is meer goed nie. Die liefde het gewyk van daardie plaas en daarmee ook die seën.**

**Kyk na u volk en land, my vriend, en sê my of u nie dieselfde toestand daarin ontdek nie!**

Was Piet en ek dan so sleg dat ons die oorsaak was van al ons armoede en ellende? Is u en ek, my volksgenoot, so sleg dat ons volk daarom so neergeslaan lê?

**Nee, my vriend, VOORHEEN toe Piet en ek, toe Afrikaner en Afrikaner SAAM gewerk het en mekaar advies gegee en hulp verleen het, toe was ons goed en het daar geluk en liefde geheers. Die fout lê nie by ons nie, maar by die METODE van boer of regeer.** Dit is nog nie te laat nie — amper, maar nog nie heeltemal nie. Die plaas kan nog betyds gered word voor dit op 'n vendusie aan 'n vreemdeling toegeslaan word. **Maar daarvoor is iets NUUTS nodig, nie die ou metode wat oorsaak is van al die agteruitgang nie.**

## GEESDRIF IN NATAL

Gebiedsgeneraal C. A. Pienaar van Natal berig dat daar in sy gebied die grootste offervaardigheid heers vir die O.B.-saak. Hy was 12 Mei op 'n plattelandse funksie waar die opkoms voltallig was en die mooi bedrag van £73 is ingebring. Die dag daarna was hy op 'n funksie in 'n arm streek, waar sestig lede teenwoordig was en die skitterende bedrag van £110 ingebring het. Een Brandwag was verhinder om daar te wees, en twee dae later het hy £3 na sy vroue-offisier gebring met die woorde: „Jammer ek was nie daar nie, maar hier is my £3 wat ek daar wou spandeer het."

## O.B.-KOMMANDO VEG TEEN VLAMME

Vinnige optrede wat berus het in die puik organisasie van die O.B. het verlede Vrydagaand 'n groot deel van ons Stellenbosse natuurskoon en 'n plaaswoning van vernietiging deur vlamme gered, berig Die Matie van 26 Mei.

Met ontsteltenis is opgemerk dat die brand teen Simonsberg byna onkeerbare afmetings aangeneem het, en gevul met die idee van behoud van ons suiwere Afrikaanse natuur, het die Arbeidsleier van die O.B.-studentekommando aangebied om te help in die vlammegeveg. Binne 1 uur hierna was 200 mans saamgetrek, waaronder ook vrywillige nie-O.B.-lede.

Ongelukkig was die organisasie van diegene wat vir die vervoer moes sorg nie so deeglik nie, en slegs een vragmotor met vuurvegters kon na die brand haas. Daar aangekom is hulle dadelik in ploeë verdeel en die eerste divisie het die stryd aangeknoop. Na vier uur was die vuur skadeloos gestel en die vuurvegters kon terugkeer — moeg, vuil en swart maar dood tevrede.

'n Harde taak is met sukses vervul deur die O.B. en bereidwillige studente.

# Afrikanerwerker Staan in Pad van Kommunis se Verkafferingsbeleid

## Deur Rooi Agente Geweer as Vakmanne

**„Staan by jul vakbonde, maar sluit ook aan by jul volk sodat julle in jul stryd teen kapitalistiese base ook die ondersteuning van jul volk kan kry," is die raad van ons Kommandant-generaal aan die werkers. Die K.G. het ook telkens beklemtoon dat die Afrikaner van die platteland net soveel belang het in die stryd van die werker as die stedelike werker self, aangesien sy kinders verplig is om eendag in die stede te gaan werk. Slegs een of twee kinders uit 'n gesin sal op die plaas van hul vader kan bly voortbestaan.**

**In die jongste tyd het daar ook 'n stryd binne die vakbonde ontstaan. Daar is persone wat voorgee dat hulle die vriend van die werker is maar die werker eintlik net gebruik om hul eie voordeel te behaal.** So is daar die Arbeidersparty wat gelei is deur vreemdelinge van uit Engeland van wie 'n groot aantal nie eens by magte is om Afrikaans te praat nie, en vandag sit hierdie mense saam met die kapitalistiese base in een kabinet!

GROOT MISLEIDING

Maar die grootste misleiding het gekom van die kommunistiese kant. **Moskou, wat 'n wêreld-imperialisme onder Josef Stalin beoog, hoop om sy doel te bereik deur die werkers in alle lande as werktuie te gebruik in sy veroweringsplanne. Daarom is 'n groot aantal Joodse kommuniste—want kommunisme is eintlik 'n Joodse produk—uitgestuur, ook na Suid-Afrika om die werkers in te palm.** Hierdie mense het op een of ander wyse daarin geslaag om sleutelposisies binne die vakbonde vir hulself in hande te kry. Hulle lewe dan in die grootste weelde op 'n hoë salaris wat die werkers uit hul karige lone aan hulle gee, en verder voer hulle die bevele van Moskou uit.

**Met enkele uitsonderings is die bestuur van die meeste vakbonde in die hande van uitlanders onder aanvoering van die een of ander kommunistiese Jood.** Die kommunisme koester 'n baie groot vrees vir die Afrikaner. Die rede daarvoor is dat die Afrikaner so sterk nasiebewus is, en Moskou wil juis alle nasionalisme doodmaak. In die tweede plaas het die Afrikaner 'n sterk kleurgevoel en baie min Afrikaners is bereid om hand om die nek met 'n hotnot te sit. **Veral hiervoor is die kommunis bang, want in Suid-Afrika is sy gretige oë gerig op die miljoene nie-blankes wat vir hom as soldate teen die blanke beskawing kan dien. En nou is dit die beleid van hierdie kommunistiese vakbondleiers om soveel as moontlik die Afrikaner uit te sluit van die geskoolde arbeidskringe.**

VAKLEERLINGE

Een van die belangrikste metodes om die Afrikaners van die platteland uit 'n bedryf te hou, is die bepalings insake vakleerlingskap. So 'n vakbond met sy vreemde beheer, lê neer dat 'n persoon, ongeag sy bekwaamheid, alleen dan in die bedryf opgeneem kan word as hy 'n aantal jare as vakleerling gewerk het. **'n Afrikaanse messelaar kan dus so bekwaam wees dat hy vir niemand agteruit hoef te staan nie, maar as hy nie drie, vier of vyf jaar lank 'n vakleerlingskap teen 10s. per week wil deurmaak nie, kry hy geen werk in daardie hoedanigheid nie.** In die tweede plaas word 'n ouderdomsgrens vir vakleerlinge neergelê. Daar word bepaal dat geen persoon as vakleerling toegelaat sal word as hy aan die einde van sy kursus ouer as 26 jaar sal wees nie. Dit beteken dat meeste Afrikaners by voorbaat uitgesluit word wanneer hulle die ouderdom van 21 jaar bereik het. Vir hulle is daar dan geen geskoolde toekoms nie. Saam met die hotnot en stamnaturel sal hulle ongeskoolde arbeid moet verrig, terwyl die kommunistiese Jood links en regs organiseer vir Moskou, en wel met die suurverdiende geldjies van die werkers.

BEPERKING

'n Derde manier om plattelanders uit te hou is die beperking van die getal vakleerlinge. Gewoonlik word vasgestel dat net een vir elke drie of vier vakmanne in die bedryf as leerling toegelaat sal word. Hierdie beperking stel die komitees in beheer in staat om net hul eie bloed en ras op te neem, **of diegene wat maklike slagoffers van hul vreemde lewensopvattings sal word.**

In die vierde plaas word die metode gevolg om 'n onderwysstandaard in te stel. 'n Seun moet minstens standerd ses of sewe afgelê het om 'n leerling of vakman te kan word. **Dit beteken dat 'n seun, hoe bekwaam ook al met die troffel of skaaf, belet word om 'n menswaardige bestaan te voer indien sy aardrykskunde of geskiedenis hom teruggehou het in 'n eksamen waar daar hoegenaamd geen rekening gehou word met sy aanleg nie.** En dit is juis hierdie mense wat nie in staat was om onderwysopleiding te geniet nie, vir wie daar werk gevind moet word in die bedryfslewe.

Die eintlike mag van hierdie vreemde vakbondleiers lê in die ooreenkomste wat hulle met die base sluit—die sogenaamde **geslote geledere.** Dit is 'n ooreenkoms tussen die base en die vakbondleiers — in meeste gevalle die gesalarieerde NIE-werkers—om niemand werk te gee wat nie lid van die vakbond is nie. Dus, as die vakbondleiers 'n man uitskop as lid van die vakbond, of hom lidmaatskap weier, kry hy geen werk in daardie bedryf nie. **Dit is wat onlangs gebeur het in die Klerewerkersbedryf toe Afrikaanse vroue uit hul werk geskop is omdat die vakbondbestuur met sy Joodse sekretaris kwaad was omdat hulle nie saam met kleurlingvroue wou werk nie.**

VERKAFFERING

**Met hierdie metodes kry die kommunisme dit reg om 'n uitgesoekte klomp werkers te kry wat hulle vrywillig of onder dwang van uitskop, sal onderwerp aan Moskou se verkafferingsbeleid van Suid-Afrika.**

Om hierdie onreg en gevaar die kop in te slaan, is dit nodig dat die werkers hul kragte moet inwerp by die Ossewabrandwag se Arbeidslaer. Hulle sal dan die steun verkry nie net van hul vakbond nie, wie se Joodse leiers dikwels kop in een mus sit met die base, maar van 'n volksbeweging bestaande uit alle soorte beroepe. Sover as wat hulle vakbond vir hulle van nut kan wees, sal hulle gesteun word deur hul volksgenote daarbuite op die platteland, maar wat meer is, deur die vernietiging van die huidige demokratiese en kapitalistiese stelsel, sal onder leiding van die Ossewabrandwag 'n werkers- en boererepubliek tot stand kom wat alle volksgenote sal inspan tot onderlinge opheffing en samewerking.

## KAFFERS RY OP MEEL

### Minagting vir Boere

Uit Waterberg-distrik word die volgende wantoestand berig: Boere in die omgewing van Soutvlei-bushalte het by die Spoorwegowerheid klagte ingedien oor die vuil gewoonte dat naturelle agter in die bus geplaas word waar hulle bo op die mense se meel en suiker sit. Daar is eindelik 'n persoon gestuur om die klagtes te ondersoek. Hy het aanvanklik die naturelle se voorregte bepleit, maar uiteindelik is ooreengekom dat hulle in die vervolg nie toegelaat sou word om agter in die bus by die kosvoorrade te sit nie, maar dat 'n spesiale bus sal loop indien daar te veel naturellepassasiers is. Nogtans het daar op 19 Mei 'n bus aangekom propvol naturelle agter op die meelsakke. **Toe die boere navraag doen by die bestuurder het hy gesê dat hulle met die naturel wat die bril op het, moet praat; hy is gestuur om die sake te ondersoek.** Wat die bedoeling is, is nie duidelik nie, maar dit spreek vanself dat die boere bitter ontevrede voel. (Meegedeel.)

## BOEREJEUG VERWELKOM JOHAN VAN RENSBURG

Oor die 200 geesdriftige Boerejeug en Brandwagte het die koue getrotseer om Johan van Rensburg op die stasie te ontmoet toe hy verlede week uit Kaapstad in Pretoria aangekom het.

Die 75 Boerejeug in uniform was in geslid opgestel. Hulle het al singend van die Kerkplein opgemarsjeer. Die Parade was onder die bevel van hoofkomdte. Smith en Buys.

Genl. Henri Slegtkamp, Held van Spioenkop, wat van Middelburg gereis het vir die doel, het 'n kort toespraak gelewer waarin hy Johan geluk gewens het met sy kordaatstuk. „Ek hou van dade!" het genl. Slegtkamp gesê.

Hierop het Johan al die teenwoordiges bedank vir die belangstelling en eerbewys wat hom tebeurt geval het.

Hoofkomdt. Smith het ten slotte die O.B. en Boerejeug bedank vir hulle teenwoordigheid.—(Ingestuur.)

**ROMMELVERWERKING:**

● Maak u eie afstrykpatrone deur poeierkleursel en brandspiritus te meng. Neem 'n kwassie en verf die patrone op suikersak en borduur dit om.


**BETSJOEANALAND ! !**
**(VRYBURG)**

Direkteure: Senator I. Baumbenheimer en mnr. A. C. du Plessis.

**PLASE ! ERWE ! ! HUISE ! ! ! GELD ! ! !**

Wil u 'n plaas of huis koop of verkoop, huur of verhuur? raadpleeg die ou

BETSJOEANALAND (VRYBURG) STOCK FAIRS (EIENDS.) BPK.,
40(a) du Plessis Gebou, Markstraat.
Posbus: 170 — Telg.: „Fairagent."
VRYBURG.



Waarde vir geld

Kommando



-sigarette



**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**

●

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

●

**MINNAAR & VAN SCHOOR**

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.



**VAN ZYLS**

MANS-, SEUNS- EN SPORTUITRUSTERS.

BESOEK ONS VIR AL U BENODIGHEDE.

**DIE PAARL**

OOK TE PORTERVILLE.





**BINNE 10 DAE**

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

● Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.

● 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.

● Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

● Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
● U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
● Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
● Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam ..................................................

Adres ..................................................

DIE O.B., WOENSDAG, 7 JUNIE '44.

# Verstaan dit Goed!

„Die volk begeer eenheid, maar die Ossewabrandwag se leiers wil nie saamwerk nie." Dit is die jongste tema teen die Volksbeweging wat ons nou van verhoog tot verhoog moet aanhoor. Daar word gewys op die verskynsel dat O.B.-lede in Wakkerstroom vir die H.N.P.-kandidaat gestem het, terwyl die amptelike houding van die O.B. nie so 'n optrede sou aangemoedig het nie.

Geen ander organisasie kan so 'n aanspraak maak op die begeerte om ons volk te verenig en alle nodelose stryd uit te skakel as juis die Ossewabrandwag nie. **In 'n tyd toe ons volk deur die partypolitiek in flenters geskeur was, het die Ossewabrandwag op die toneel verskyn juis met die doel om daardie verdeeldheid te vervang deur eenheid. Geen organisasie het dan ook nog so volmaak in sy doel geslaag as juis die Ossewabrandwag wat op een tydstip nagenoeg 'n halfmiljoen aktiewe Afrikaners saamgebind het nie. Nie hy het daarna die huidige volksverdeeldheid bewerkstellig nie, maar juis daardie politici wat sy lede sonder oorsaak opgeroep het tot onderlinge uitwissing — „kort en beslissend", soos dit uit hul leier se mond gelui het.** Hoewel die Ossewabrandwag hierdeur genoodsaak geword is om sy bestaan te verdedig, het hy nogtans NIE 'N ENKELE LID AANGESê OM UIT SY POLITIEKE PARTY TE BEDANK NIE — en dit ondanks die optrede van partypolitieke kant om O.B.-lede as ampsdraers uit te skop. **Ons het konsekwent volgehou dat dit ons nie die minste skeel of en aan watter party 'n O.B.-lid behoort nie, solank hy binne die Ossewabrandwag bereid is om vir die vryheid van sy volk te veg.** Ons het niemand nog aangeraai om af te graai om in 'n verkiesing te stem nie, behalwe dat ons van ons lede verwag om nie 'n stem op die Empire uit te bring nie. Maar omdat die O.B. verhewe staan bo die kleinlike partypolitieke geskarrel waarin Afrikaner Afrikaner beveg, **durf hy hom nie as ORGANISASIE by die een of ander party in 'n verkiesing inwerp nie. Sodra hy dit doen, het hy een van sy hoofdoelstellings, naamlik van volkseenheid bo partyverdeeldheid, verloën, en het hy geen reg van bestaan meer ten opsigte van daardie ideaal nie. Laat ons dit baie goed verstaan.**

As O.B.-lede in die een of ander kiesafdeling vir 'n kandidaat stem wat nie amptelik deur die beweging gesteun word nie, beteken dit hoegenaamd nie dat daardie lede hul leiding ongehoorsaam is, of soos sekere blaaie dit wil omwerk, dat daardie lede 'n groter besef van hul plig het as die O.B.-leiers nie. **Veel meer getuig dit van die ware eenheidsopvatting van die Ossewabrandwag wat nie partygenote ken nie, maar net volksgenote.**

**ONS VYAND**

Die groot vyand van die Ossewabrandwag in sy eenheidstrewe is nie die een of ander **party** nie — dit is die **partySTELSEL.** Ons beveg nie 'n party nie, maar ons beveg daardie ingevoerde stelsel wat die een Afrikaner teen die ander opsweep in plaas van hulle saam te laat werk. **Ons beveg daardie partystelsel wat meer aandag en krag bestee om die teenstander — mede-Afrikaners te vernietig as wat hy bestee aan die oplossing van vraagstukke, of soos ons dit reeds uitgedruk het, wat met die teenparty worstel in plaas van met die probleem.**

En, laat ons dit baie duidelik stel, **hierin verskil ons tot in die niere van die H.N.P. of enige ander party wat wil voortgaan om volksredding te probeer bring met behulp van die parlementêre kringloop waarin die een party die ander afwissel net om maar die werk van sy voorganger ongedaan te maak tot tyd en wyl hy weer omgerol word voordat hy iets beters in die plek kon stel.** Daarom sê ons dat die redding van ons volk nie BINNE die parlement lê deur ondersteuning van die een of ander party nie, maar juis in die **vernietiging** van die hele parlementêre stelsel wat oorsaak is vir al die getwis en niksdoen.

Met hierdie stryd teen die parlementêre stelsel sal die Ossewabrandwag voortgaan, en as iemand daarmee groter fout vind as met die optrede van beroepspolitici wat 'n Volksbeweging met 'n halfmiljoen lede probeer vernietig het net om hulself in sy plek te druk, dan kan hy hom die moeite maar spaar om ons daaroor die les te wil lees. **Die Ossewabrandwag het gekom om die ou toestand van volksverdeeldheid en verwaarlosing vir goed en altyd op te ruim en te vervang deur 'n eenheidstaat waarin alle volksgenote sal saamwerk in plaas van georganiseer te word om met mekaar in voortdurende burgeroorlog te lewe. Van hierdie koers sal mooipraat nog dreigement hom laat afwyk.**

# *Die Oos-Asiatiese Oorlogstoneel*

**(DEUR PROF. J. A. WIID.)**

Terwyl daar in die vyfde somer van die vyfde oorlogsjaar in Londen en Washington veel gepraat en geskryf word oor die veel gepropageerde tweedefront in Europa, vind daar in Oos-Asië ontwikkelings plaas wat ons ernstige aandag verdien; terwyl volke wat tot die Westerse beskawing behoort, mekaar in Wes-Europa beoorlog, mekaar se kultuur-historiese monumente uit die lug vernietig, die bakermat van hulle beswaking in Frankryk, Italië, Brittanje, Duitsland, België en Holland verniel en verwoes, word die Asiaat toegelaat om van krag tot krag te gaan. Die half-Asiatiese Russiese Kolos word van uit die Weste gehelp om verder weswaarts te verower, terwyl die ander Asiatiese grootmag, Japan, geleentheid kry om hom verder in te graaf en te versterk.

TSJOENGKING BAAR ONRUS

In Asië was daar nie, soos in Europa, 'n Rusland om die Angel-Saksers te red nie. Tsjoengking-China wat in die Ooste die rol moes speel wat Rusland in die Weste gespeel het, het gefaal. Die vierdie lid van die „Vier Grotes" verkeer reeds geruime tyd in 'n gevaarlike toestand wat by die dag meer onrus in Washington en Londen veroorsaak. Vooraanstaande Chinese waaronder die vrou van Tsjiang Kaisjek, die Chinese leier, het van tyd tot tyd besoek aan Washington afgelê om die swakhede en behoeftes van een bondgenoot aan 'n ander bondgenoot te verduidelik. Nog onlangs het die Chinese leier die Amerikaanse president en die Britse premier in Kaïro ontmoet waar hy sonder twyfel Chinese sorge en Chinese aansprake op hulpverlening op die harte van sy bondgenote gedruk het. Eersdaags sal Henry Wallace, die Onderpresident van die Verenigde State, weer besoek by Tsjiang Kai-sjek aflê. Aan Amerikaanse diplomate, joernaliste en ander soorte raadgewers het dit Tsjoengking-China gedurende die huidige oorlog waarlik nie ontbreek nie. Dit alles kon egter nie verhinder dat die posisie van hierdie bondgenoot voortdurend versleg nie. Daar word in hierdie land selfs 'n ekonomiese en militêre ineenstorting gevrees.

DIE OORSAKE

Die oorsake van hierdie ernstige toestand van Tsjoengking-China is bekend. Die China-affêre, soos Tokio die Chinees-Japanse oorlog noem, is al jarelang aan die gang en gedurende hierdie tyd is die rykste en belangrikste kusprovinsies deur die Japanners verower. Selfs die Brits-Amerikaanse bondgenootskap met Tsjoengking-China na Pearl Harbour kon die troostelose posisie nie red nie. Instede daarvan dat die nuwe bondgenote verligting gebring het, het die posisie van die Chinese bondgenoot steeds slegter geword. Die Britte en Amerikaners is uit die Chinese waters verdryf. Japanse verowerings het nie alleen die seeweë maar ook die landweë soos die Birmapad vir Tsjoengking en sy Brits-Amerikaanse bondgenote gesluit. Alleen die ontoereikende lugverbinding het nog oorgebly. Geen wonder dat Tsjoengking mismoedig geword het, dat hy teen die ontoereikende hulpverlening van sy bondgenote gemurmureer het en dat die ou Chinese agterdog, veral teen Britse ekonomiese imperialisme in die Verre Ooste waarvoor historiese bewyse nie ontbreek nie, weer sy kop uitgesteek het. In Tsjoengking het die gedagte grond gewen dat Washington sowel as Londen maar net daarop uit is om hul eie byltjies te slyp.

AMERIKAANSE BELOFTES EN VERSEKERINGS

In die nuusberigte oor China is dit opvallend hoe Brittanje teenoor die Verenigde State gedurende die laaste jare steeds meer en meer 'n ondergeskikte rol speel. Dit is dan ook gewoonlik tot Washington en nie tot Londen nie dat die Chinese hulle om raad en bystand wend. Dit is dus Roosevelt wat met allerlei beloftes voor die dag kom. Ietwat meer as 'n jaar gelede het hy b.v. aan Tsjoengking die versekering gegee dat weë en middels gevind sal word om krygstuig aan China af te lewer. Britse en Amerikaanse propagandiste het 'n toevoer langs nuwe weë uit Indië en selfs oor die Persiese Golf en Rusland in die vooruitsig gestel. Grootpraterige generaals en admiraals het selfs van beslissende Japanse nederlae in die nabye toekoms geklets.

(Vervolg op bls. 5, kol. 3)

AS U 'N PLAAS OF HUIS WIL KOOP OF VERKOOP, raadpleeg eers
PRAEDIUM AGENTSKAP
Algemene, Boedel, Eiendoms, Assuransie en Finansiële Agente.
Zimansgebou 9-10, H/v. Mark- en Harrisonstr., Posbus 6072, Johannesburg.

WIL U 'N ORDENTLIKE PAK KLERE LAAT MAAK? Besoek dan
RAUTENBACH'S
DIE DAMES EN MANS KLEREMAKERS
Voortrekkergebou 301 (Derdevloer)
Foon: 229535. JOHANNESBURG.

VERGADERING
'n O.B.-Vergadering word gehou in die
KERKSAAL
te
BELLVILLE
om 8 nm. op
*Donderdag, 15 Junie '44*
Spreker:
Gebiedsgeneraal
F. D. du T. VAN ZYL

VERGADERINGS!!
DIE KOMMANDANT-GENERAAL
(DR. J. F. J. VAN RENSBURG)
spreek die volgende vergaderings op die volgende plekke en tye toe:
MAITLAND, EBENEZERSAAL, 22 JUNIE
om 7.30 n.m.
MALMESBURY, STADSAAL, 23 JUNIE
om 8 n.m.
SWELLENDAM, STADSAAL, 26 JUNIE
om 7.30 n.m.
Alle offisiere en Brandwagte van omliggende Kommando's word versoek om teenwoordig te wees.
Die O.B.-orkes sal op Maitland en Malmesbury optree.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:
„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."
MEER AS 200 KURSUSSE
Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.
Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „N BOODSKAP AAN U."
DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ......................
Naam ......................
Adres ......................
(O.B., 7 Junie 1944.) ......................
Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

# Na Parlement Gaan Luister.

## Besoeker Vergaap Hom aan Kinderspel.

„Gebrek aan hoflikheid, bespotlike formaliteite, kinderagtigheid, absolute gebrek aan belangstelling," was die kommentaar van iemand wat voorverlede week twee middae in die parlement gaan luister het na hoe die wetgewers van die land hul waardige ampte in belang van volk en vaderland vervul.

**„Daar was 'n tydstip tydens die bespreking toe daar soveel as een lid van die Opposisie in die raadsaal was, terwyl van die 110 regeringslede 'n skamele twee dosyn op hul poste was,"** het hy gesê. Die meeste van die tyd word mens getref deur die voortdurende stroom van lede wat by die deur uitstroom. Dit was 'n belangrike debat wat aan die gang was — die veel besproke vleisskema en die wetsontwerp op vissery, ongetwyfeld twee glanspunte van die byna-rekordsitting. **Maar selfs hierdie hoogtepunte kon nie daarin slaag om meer as eensesde van die wetgewers op hul plekke te hou nie!**

Wat die hele besigheid so verspot maak, is die algehele afwesigheid van waardigheid en elementêre beleefdheid. Solank 'n lid praat, neem niemand van hom notisie nie. **Dikwels is die aangesproke minister nie eens teenwoordig nie, en dan word daar elke keer as daar iets van belang gesê word, geskreeu: „Waar is die Minister?"** Vir ruim vyftig persent van die tyd wat hy regstreeks aangespreek was, was die verantwoordelike minister nie eens daar nie! In die twee dae het die besoeker slegs vier ministers binne die saal gesien. 'n Vyfde, die Minister van Justisie, het net kort-kort by die deur verskyn en na die „speaker" geloer asof hy vir hom skewegesig wil trek.

Elke lid wat die saal verlaat, maak 'n gebaar wat oorspronklik seker bedoel was as 'n buiging vir die „speaker" wat eintlik „listener" moes geheet het. Die aanhoudende stroom het dit vir hierdie bejammerenswaardige persoon egter onmoontlik gemaak om notisie van die pogings te neem. Dit het ontaard tot een van die baie waardelose formaliteite van die „Huis".

Die gehalte van die toesprake was van so 'n aard dat dit twyfel by die besoeker opgewek het of baie van hulle ooit std. ses gemaak het. So het verskeie lede die Minister met baie lang toesprake probeer verduidelik dat sy laer vleispryse nou minder inkomste vir die boere sal beteken! Die kinderagtige atmosfeer wat daar heers op 'n plek waar mens die hoogste erns sou verwag, word weerspieël deur die volgende voorvalletjie. **'n Lid was besig om die boere se saak te „verdedig", toe een van sy maats vir 'n verandering luister en met verwysing na die minister uitroep: „Nou voel hy sleg!" Hierop het 'n ander lid ingeval met: „Hy voel soos hy lyk!" Waarop 'n Sap-lid geskreeu het: „Weet jy hoe lyk jy?" Die tonge moes nog net uitgesteek gewees het om die kindertuin te vervolmaak het.**

Die komieklikste voorval was egter toe die leier van die opposisie ingestap gekom het met die tradisionele buiging vir die stoel, en sy pos op sy bank begin deursnuffel het. **Hy kom eindelik tot rus met Die O.B. in sy hand. Hierdie blad het hom heerlike afleiding besorg onderwyl die geklets om hom aan die gang was — 'n geklets wat aan die beleid van die regering nie die minste verandering kan bring nie.**

# Vroue Trek Laer By Pretoria

**'n Pragtige kloof sowat 20 myl uit Pretoria, met 'n mooi vergesig op die Hartebeespoortdam het 'n aantreklike en geskikte kampplek gebied aan die sowat 100 vroue, wat uit alle dele van Gebied F (Noord-Transvaal) gehoor gegee het aan die oproep van die Generale, mev. C. Rautenbach, om die eerste laertrekking vir die Volksorg in die gebied by te woon van 12 tot 14 Mei. Nie alleen offisiere maar ook etlike Brandwagte het die kamp bygewoon.**

'n Ruim rondawelhuis en etlike tente het die woonplek verskaf. Van Donderdagmiddag af was daar reeds lewe en beweging op die terrein en Vrydagoggend, 12 Mei, het die kampbesoeksters van alle oorde ingestroom. Vervoer was 'n baie groot probleem wat moes opgelos word.

Om elf-uur is die kamp geopen deur generale Rautenbach wat al die gaste met hartlike woorde welkom geheet het, insluitende wagkolonel W. P. de Villiers en hoofkommandant M. M. Smith wat vir alles en nog wat moes sorg. Die windjie het effens koel gewaai maar dit was vir elkeen 'n onverwagte groot teleurstelling toe die koue in die loop van die dag steeds toegeneem het om die aand tot 'n ware snerpende stormwind aan te groei wat gedreig het om van die hele laertrek 'n mislukking te maak. **Die O.B.-vroue het egter die toets pragtig deurstaan en hul pligte, selfs dié van wagstaan in die koue, en kook onder die bome vol blymoedigheid nagekom in alle opsigte.** Selfs Saterdagaand het die ongunstige weer hulle nie belet om ná die lesing van dr. Gerrie van der Merwe 'n groot kampvuur aan te steek nie, waar sang en volkspele 'n gesellige ontspanning gebied het na die drukke werksaamhede van die dag.

Die vroue is Sondag beloon deur helder mooi weer. Indrukwekkend en onvergeetlik vir iedereen was die vroeë Sondagdiens in aansluiting by die vlaghysing by sonsopgang.

**Die K.G. het 'n onverwagse besoek afgelê. Dit was die oongenaamste verrassing van die hele laertrekking. Pas terug van 'n vermoeiende rondreis, het die K.G. geen moeite ontsien om aan die uitnodiging van die Generale gehoor te gee nie. Sy besoek en toespraak is besonder hoog waardeer deur die kampbewoners.**

Lesings en demonstrasies is gehou deur wagkolonel De Villiers oor Dissipline, hoofkommandant M. Smith oor Praktiese Dissipline en Organisasie, hoofgeneraal G. Cronje oor Vrouevolksorg, uitsny van knip-patrone, blok van hoede (demonstrasie), mev. Fourie, ass.-hfkmdte Smuts oor Vrou en Kind, komdte. Louw oor Ondervoeding. gebiedsgenl. H. M. van der Westhuysen oor Ons Kultuur, demonstrasie deur S.A. Noodhulpliga, dr. Gerrie van der Merwe oor die Vrou in die komende Volkstaat.

Besonder verdienstelike werk is gelewer deur die tweede in bevel, hoofkmdte. Swanevelder; ass.-hfkomdte. Smuts en komdte. Louw (administrasie); komdte. De Villiers (kommissariaat); komdte. Smith (wag); jeugkomdte. Steyn (parade); wagmajoor Klopper (wagafdeling en Boerejeug); en mnr. N. J. Swart wat vir die vervoer gesorg het.

Dit was met 'n gevoel van opregte spyt dat die vrouens besef het dat die kamptyd verstreke was. Baie van hulle wat gekom het met die idee dat 'n laertrek iets vir die mans of die jeug is, maar seker nie vir 'n vrou en huismoeder nie, het die byeenkoms verlaat met 'n diepgevoelde waardering vir wat hulle geleer het aan dissipline, saamhorigheidsgevoel en 'n groot besef van hul persoonlike verantwoordelikheid teenoor die Afrikanervolk. Hulle dra die boodskap verder na Zeerust, Groot Marico, Bechuanaland se grense, Kaap Muiden, Ohrigstad, Waterberg, Pietersburg, ens. Ja, oor die hele Gebied F, en mag die boodskap oral 'n vuurtjie aansteek wat die besieling tot dade omskep.

Namens die Generale 'n hartlike woord van dank aan elkeen wat gehelp het om hierdie eerste goedgeslaagde Gebiedslaertrekking deur te voer.—(Ingestuur.)

**ROMMELVERWERKING:**

● Maak pantoffels, tafelmatte en inkoopsakke, met gekleurde garing gewerk, van suikersak.

### DIE OOS-ASIATIESE OORLOGSTONEEL

(Vervolg van bls. 4, kol. 3)

#### DIE WERKLIKE POSISIE

Intussen het die posisie hom nog geensins ten gunste van Tsjoengking-China verander nie. Op die oomblik is dit die Japanners wat 'n groot offensief in die ryk Chinese provinsie van Hoenan begin het. Op die oomblik is dit die Japanners wat beheer oor die Birma-pad het en selfs op Indiese bodem staan. Die Amerikaanse offensief in die Suidwestelike Stille Oseaan kan op die oomblik nog nie anders as 'n langsame gesukkel bestempel word nie. Intussen het waarskynlik ook die Japanse vyand nie stilgesit nie. Met die uitgestrekte verowerde gebiede, ryk aan grondstowwe en arbeidskragte, sou hy ook wel iets uitgerig het.

Van Brits-Amerikaanse kant is die Chinese dikwels getroos met die belofte dat die Japanse vyand beslissend aangepak sal word sodra Hitler eers verslaan is. Met die Geallieerdes voor die poorte van Rome — by die verskyning van hierdie artikel sal hulle waarskynlik in Rome sit — sal die oorlogspropaganda aan die Italiaanse suksesse groot waarde toeken. Die inname van die Heilige stad sal sonder twyfel groot propaganda- en prestige-waarde besit. Dit moet egter onthou word dat Rome nog baie ver van die Brenner lê en dat intussen miljoene Italiane deur die Geallieerdes gevoed en versorg sal moet word. Dit sal ook vir die Chinese betaal om dit te onthou.


**GILFILLAN en STROH**

Die 100% Afrikaanse Fietshandel.

Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe fietse en fietsonderdele.

Ons waarborg alle werk.

KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.



*Pas verskyn!*

**INLEIDING TOT DIE EKONOMIE**

deur prof. dr. C. G. W. Schumann en dr. D. G. Franzsen

albei van die Universiteit van Stellenbosch.

Grootte: 8½ dm. x 5½ dm, 600 blss., 49 tabelle, 36 diagramme. Linneband.

●

**Prys 19/6. Posgeld 1/- ekstra.**

●

Dit is die eerste handboek oor die ekonomie wat in Afrikaans verskyn. Hier het u 'n baanbrekende werk waarin die hele onderwerp, op Afrikaanse lees geskoei, saaklik en wetenskaplik behandel word.

Vir elke Afrikaner, hetsy sakeman, prokureur, boer of student is hierdie werk van onskatbare waarde.

●

**Stuur u bestelling met tjek of poswissel aan**

**Pro Ecclesia-Drukkery**

Posbus 28 - - - - - Stellenbosch.



# Algemene Bestuurder van W.G.A. wend hom tot S.A. Wolboer

Geagte Vriend,

Dis met 'n gevoel van die diepste dankbaarheid dat ek hierdie paar woorde tot u rig. Nog nooit was my dankbaarheid so groot as nou waar ek u kan meedeel dat die W.G.A. 'n nuwe mylpaal in belang van die wolboer en die wolnywerheid van S.A. bereik het nie.

Die buitelandse lenings wat W.G.A. gehad het, is nou alles terugbetaal en dit, geagte vriend, is moontlik gemaak deur aandelebeleggings wat die groot getal nuwe aandeelhouers gemaak het, u liefdevolle vriendskap, u troue hulp, u goeie gesindheid en daadwerklike steun deur die jare van W.G.A. se bestaan. Dit is dus vir my besonder aangenaam om u mee te deel dat W.G.A. met sy moderne en goed toegeruste geboue te Oos-Londen en Port Elizabeth nou geheel en al deur die S.A. produsent beheer word. Het ons nie waarlik rede om trots te wees nie? Dis so 'n groot stap vooruit in die ekonomiese ontwikkeling van S.A. dat ons die toekoms met vertroue en blymoedigheid kan tegemoet gaan.

Gedagtig aan hierdie groot prestasie moet ek my erkentlikheid uitspreek teenoor Asokor wat op onbaatsugtige wyse al die aandele in New Zealand Loan and Mercantile Agency Co. Ltd. oorgeneem het. Deur hierdie optrede het die groot Suid-Afrikaanse sakeonderneming bewys gelewer dat hy waaragtig die belange van die S.A. produsent wil bevorder. Namens u sê ek aan Asokor: baie dankie.

Graag wil ek 'n woord van dank rig aan N.Z.L. vir sy hulp in die verlede; sy simpatieke houding in belang van die produsent het daartoe bygedra om u teenswoordige organisasie tot stand te bring.

Met waardering verwys ek na die hulp en vertroue geskenk deur my mede-direkteure, my Adviserende raad en my pligsgetroue personeel, vir wie geen taak te gering, geen opoffering te groot was nie en wat met opregtheid in diens van W.G.A. teenoor sy vriende staan.

Daar W.G.A. nou heeltemaal in beheer van die wolboer is, het ons vier Direkteure wat in 'n direkte administratiewe hoedanigheid van die Maatskappy staan, gevoel dat ons as sulks moet uittree en vir die boer plek maak. Dit is gedoen en die volgende here het tot die Direksie toegetree, nl. die edelagb. N. C. Havenga, mnr. J. H. Moolman, mnr. Theunis Jordaan en mnr. L. E. Miles. Intussen word die nodige stappe gedoen om ons Statute te wysig vir die verdere uitbreiding van ons Direksie. Eersdaags sal alle besonderhede aan ons aandeelhouers verstrek word en die finale verkiesing sal op ons Jaarvergadering van lede, wat staan gehou te word in September e.k., plaasvind. Duidelikheidshalwe wil ek daarop wys dat geen liggaam of persoon beherende aandele het nie.

Ons verheug ons daarin dat soveel van ons ondersteuners lede geword het van ons organisasie en beskou dit as 'n besondere eer om hul name in ons lederegister te kan opneem. Eendragtig en vasberade beweeg ons dan nou voorwaarts in belang van ons gemeenskaplike welsyn en ter beveiliging van die geslagte wat kom.

U dienswillige dienaar,

C. C. KRIEL.

(Advt.)

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

VAN WYK. — Aan mnr. en mev. G. C. van Wyk, Kloofstraat 8, Paarl, 'n fris seun op 23 Mei, in die Rooihoogte Kraaminrigting. Naas God, dank aan dokter en suster.

### HUWELIK

CROUS — ERASMUS: Hiermee wens ons twee, Martie, oudste dogter van mnr. en mev. A. P. Erasmus, van Vandykspruit, en Danie, tweedejongste seun van mev. en wyle mnr. H. Crous, aan brandwagte, familie en vriende(inne) bekend te maak dat ons D.V. gaan trou op 15 Junie 1944, in die Geref. Kerk te Erasmus.

DU TOIT — CLOETE: Ons twee, Delina Cloete, Entre Nous, en Asst. Veldkt. F. J. du Toit (Oubaas), Smithfield, maak aan familie en vriende(inne) bekend, dat ons D.V. gaan trou op 17 Junie om 3 n.m. te Barberton. Telegramme: Barberton.

VAN DER POEL—FOURIE: Hiermee maak ons, Roux en Johanna, bekend dat ons D.V. op Saterdag, 10 Junie 1944 om 3 n.m. in die N.G. Kerk, Noorder-Paarl, in die huwelik tree. Geen kaartjies. Gelukwensing: Verpleegstertehuis, Paarl. Telegramme: Hoofstraat 245 a, Paarl.

### DOODBERIG

JORDAAN. — Met diepe leedwese word die afsterwe op 19 April 1944, van ons pligsgetroue Rustende-Kommandante mev. A. J. Jordaan, bekend gemaak. Haar lewe was 'n lewe van nuttige diens aan ander. Slaap rustig getroue Kommandante. **Die Hertzogville Kommando.**

### IN MEMORIAM

BINGE. — Vier jaar van eensaamheid en stille smart is verby en ons dink ons aan die bittere dag, 28 Mei 1940, toe my geliefde eggenoot en ons Vader deur die dood van ons weggeneem is. Sy verlangende eggenote en kinders. **Sara, Johann, Ludwig, Joey en Hennie, Moorreesburg.**

HARRIS. — 'n Kransie van liefde, deurvleg met vergeet-my-nietjies, lê ons op die graf van ons liefling Stephen Stanley, oorgeplant in die hemelse tuin op 8 Junie 1943. Sy verlangende ouers en broer Arthur. Tiervlei.

### DANKBETUIGING

Mnr. A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson, wens langs hierdie weg alle ondersteuners wat bestellings geplaas het en navraag gedoen het vir Friesland-bulletjies van harte te bedank. Weens die groot aanvraag was hy gou uitverkoop en kan hy onmoontlik die talle ondersteuners persoonlik bedank.

### BENODIG

AFRIKANER-DAME om vir twee kinders onderwys te gee op plaas. Een Std. I en een beginner. Salaris £10 per kwartaal met vry inwoning. Moet O.B.-gesind wees. Vir verdere besonderhede doen aansoek by **J. J. Coetzee, Waterkloof, P.K. Brentford, Somerset-Oos, K.P.**

DADELIK benodig 2 eersteklas Haarkappers-(sters) vir dames- en mansafdelings. Meld ondervinding en salaris verlang. **Mev. A. P. Pieterse, Volkshaarkappers, Voortrekkergebou, Potgietersrust.**

MOTORWERKTUIGKUNDIGE: — Aansoeke word ingewag om 'n gekwalifiseerde motorwerktuigkundige. Salaris volgens Motorunie bepalinge. Doen aansoek: **Van Jaarsveldt se Motorwerke, Vredefort.**

ONGETROUDE werkende voorman op beesen saaiplaas. Begin salaris £3 per maand met vry inwoning. Goeie vooruitsigte vir regte persoon. Doen aansoek by: **H. L. Verster, P.K. Peachdale oor Vryburg.**

### PERSOONLIK

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

Boere ondersteun die man wat nog altyd in u belang opgetree het. Stuur u wol aan **mnr. P. W. Pohl, Port Elizabeth.** Verteenwoordiger vir Victoria-Wes, Carnarvon, Van Wyksvlei, Vosburg, Richmond, Murraysburg en Loxton. **P. W. S. Wenworth, Victoria-Wes.**

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokalis word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

VAKANSIEPLAAS. — Kom vir u volgende vakansie na die rustige plaas Vergenoegd, Riversdal. Goeie en vriendelike behandeling. Terme billik. Doen aansoek: **Mev. A. Badenhorst.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

### BASAAR

Die Tamboerskloof Veldkornetskap van die Tafelberg Vroue-Kommando hou 'n Basaar op 23 Junie 1944, om 3 n.m. in die Komiteekamer, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Toebroodjies, sop, pasteitjies, koeksisters en lekkernye. Kom geniet u aandete by ons!

Vriende kom ondersteun die Bellville Vroue-Kommando Basaar om 3 n.m. en die Boerejeug Konsert om 8 n.m. op 17 Junie 1944 in die Bellville Kerksaal.

### TE KOOP

OPREGTE Chantenay en Nantes Wortelsaad, 8/- per pond.

BESTE Australiese Bruin Uiesaad, 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid; 100% suiwer. Alles K.M.B. posvry. **J. J. Spies, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

**BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Busnalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wageaer, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

DAG-OUD kuikens, Leghorns, Australorps, ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Gewaarborg eersteklas ras. Almal afkomstig van Heimann en Dundarach bloedlyn. Verkrygbaar vanaf Junie teen £6 per 100 K.B.A. Bestel dadelik: **H. R. Malan, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoneer 6203.**

DEKRIET. — Vir die beroemde Albertinia en Riversdal dekriet, doen aansoek by **J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernseybeestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: **J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.**

KOOP DIREK VAN DIE BOER. — Kaapse geel of strooi uiesaad teen 5/6 per pond en Australiese bruin teen 6/- per pond. Goedgekeur volgens Goewernements Sertifikaat No. 0670 en gesertifiseer as gesond, vry, goed en skoon. Ook lusernsaad, gesond en mooi teen £7-7-6 per 203 pond. Uiebolle, Australiese bruin en Kaapse geel teen 14/6 per mud. Kontant met bestelling. **D. M. v. d. Walt, P.K. De Rust, Dist. Oudtshoorn.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen gelisiek en haarwurm teen 20/- per sak. V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

PATATS van die beste gehalte word aangebied; 6 maande teen 11/6 en 3 maande teen 10/6 per sak. Meld u stasie. **S. P. Gerber, P/s. Serpentine, Dist. George.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

SPINWIELE. — Met „winder" £6-10-0, sonder „winder" £5-10-0. **T. B. Neser, P.K. Rodenbeck, oor Bloemfontein.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

VARKE. — Large Black soggies en beertjies, 4 maande oud. Vader geregistreer Benmorebloed, moeder volbloed. Prys £5-5-0. Vader, moeder en kleintjies 1ste prys wenners asook Conradie- en de Wet-beker wenners. Gelewer Klaasvoogds. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, — Johannesburg.**

Pluk u eie vrugte vars uit u tuin van Herholdt se beroemde Vrugtebome. Alle soorte vroeg tot laat. Perskes, Appels, Pruime, Pere, Moerbei, Vye, Koejawels, ens. Aanvraag groot, bestel sonder versuim. Palms, Sierbome, Struike, Heiningbome altyd in voorraad. Skryf vir Pryslys. (a)

### POTCHEFSTROOM

AFRIKANERS van Potchefstroom ondersteun die Suid Slaghuis. Alleen die beste kwaliteit vleis word verskaf. Gelewer enige deel van die dorp. **Suid Slaghuis. A. P. v. Wyk.**

**W. J. Grobbelaar** — Dames en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

## OP DIE OORLOGSPAD

„Die kommuniste het reeds hul veldtog van stapel gestuur in die Kaapstadse afdeling vir die werwing van duisende nuwe lede," het The Guardian verlede week gemeld. Die blad noem die paswette as een van die vraagstukke wat tydens die veldtog uitgebuit moet word in belang van die party.

## PROTES WORD DAAD

Die F.A.K. het namens die Nasionale Instituut vir Onderwys en Opvoeding 'n gebou in Pietermaritzburg aangekoop vir die Afrikanerkinders vir wie onlangs 'n proteskool aldaar geopen is. Dit sal die eerste nuwe C.N.O.-skool wees wat in Natal opgerig sal word ter behoud van die Afrikaanse siel en taal.

## OVA (Koöp.) BEPERK UNIALE AFSLAERS

Die grootste en doeltreffendste organisasie van sy soort in die Unie van Suid-Afrika, is Uniaal geregistreer op 1 Desember 1941.

Vooraanstaande boere, van wie ook op die Direksie dien, het hierdie diensgewende saak in die lewe geroep en aansoek om aandele word gretig aangevra. Wat van U?

Tree in verbinding met:

**Die BESTUURDER, Bus 705, Foon 2005, BLOEMFONTEIN.**

## MEUBELS

**PRYSE STYG VINNIG.**

***KOOP NOU!***

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**

**Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**

**Posbus 210. Foon 2-6806.**

## DIE NUUTSTE IN DAMES- FELT-HOEDE en WINTERJASSE by

**Steyns**

**PAROW**

**DIE MODERNE DAMESMODISTE.**

## *VRIENDE!*

STUUR U PRODUKTE EN LEWENDEHAWE AAN

**PRINSLOO en VENTER**

EN WEES VERSEKER VAN DIE BESTE UITSLAE EN BEHANDELING.

**Môremark — Pretoria**

Welgemoedgebou, v. d. Waltstraat 252, (Foon 2-2203 — Posbus 361)

PRETORIA.

## DIREK VAN FABRIEK AAN BOER

Kapkartuie £10, Swaar £13-10-0; Enkel Kartuig £8-15-0; Muiltuie £15; Donkietuie £7-10-0; Kartooms 16/6; Rytooms vir Perde 13/6; Tooms vir Donkies 6/6; Ligte Halters 6/-; Swaar 9/6; Saals kompleet £5; Borsplate vir Donkies (lig) 6/-; Swaar 9/6; Borsplate vir Voormuile £1-6-0; Agter £1-8-6.

K.M.B. Bestellings word uitgevoer in volgorde van ontvangs. Tevredenheid gewaarborg. Geen K.B.A aflewering.

**Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.**

## *VERJAARDAGKETTING*

**8 Junie:** Martha Bester, Kalabaskraal; Johannes van Rensburg, Port Elizabeth; Jasper Kershoff, Houtbaai; Mike Grundling, Kirkwood; Georges Hattingh, Port Elizabeth; Joseph van Rensburg, Stellenbosch; Renetta Grobler, Zeerust; Tjibbe Thomas Spoelstra, Potchefstroom.

**9 Junie:** Carel Vernooi, Beaufort-Wes; Maria D. Fourie, Mosselbaai; Sophia Maritz, Worcester.

**10 Junie:** Carl Wagener, Ceres; Maria Vernooi, Beaufort-Wes; Johannes Gouws, Port Elizabeth; Rita Turck, Worcester.

**11 Junie:** Andre Francois le Grange, Beaufort-Wes; Albertus P. Kruger, Groblershoop; Martha du Plessis, Rustenburg.

**12 Junie:** Jacobus P. de Wet, Aughrabies; Martha Louisa du Preez, Groot-Marico.

**13 Junie:** Elna Kruger, Noorder-Paarl; G. E. D. Thiervy, Paarl; Martha Nel, Upington; Mercia Kemp, Kirkwood; Engela Strauss, Daljosaphat; Johannes C. H. Muller, Lindley.

**14 Junie:** Emmerentia Zietsman, Johnson; Martha J. du Bruyn, Karreedouw, Susarah C. Viviers, Clocolan; Petrus J. de Koker, Bulwater.

## U.K. VERWERP MOSIE VIR GELYKSTELLING

Kaapstad se studente het voorverlede week op 'n monstervergadering met 266 stemme teen 146 'n mosie verwerp wat aangedring het op verwydering van die kleurgrens aan die Universiteit.

## OOS-TRANSVAAL LEWE

Uit Sabie word berig dat die Ossewabrandwag 'n groot feessaal ontvang het op die plaas van mnr. Louis de Villiers aan die Nelsrivier. Die plaas is beplant met boorde van lemoene, papajas, avocados, ens., en funksies, soos o.a. Vryheidsdagviering, word in die saal gehou.

Die Ossewabrandwag is nog sterk en lewenskragtig in daardie omgewing, soos blyk uit die £154 wat die kommando's van Sabie, Nelspruit en Barberton met hul gesamentlike funksie in die feeshuis byeengebring het vir hul mede-Afrikaners wat deur die noodregulasies swaar getref is.—(Ingestuur.)

## WEDSTRYD UITGESTEL

Met die oog daarop dat baie kommando's in Gebied A nog nie hul spinkursusse voltooi het nie, het genl. J. S. du Toit die sluitingsdatum van die spinwedstryd, wat vir 8 Mei bepaal was, uitgestel tot 14 Oktober. Besonderhede omtrent die wedstryd kan gevind word in Die O.B. van 20 Oktober, of van die Gebiedshoofkwartier in Kaapstad.

## DE KOCK SE GARAGES

| | |
|---|---|
| Foon 110 | Foon 10 |
| Voortrekkerstraat, | Herefordstraat, |
| MIDDELBURG, | GROBLERSDAL, |
| Transvaal. | Transvaal. |

Eienaar: **D. D. DE KOCK**

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

*ALGEMENE HANDELAAR en PRODUKTE KOPER*

**S. J. KRYNAUW**

vir

Kruideniersware teen die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. GARCIA en NUWESTRAAT

Foon 68 — Bus 54

**BEAUFORT-WES.**

**G. A. FICHARDT, Beperk**

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)

**MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS**

Foon 700 — Opgerig 1848

**BLOEMFONTEIN**